Liewe pa.

LHoe kan ek jou ordentlik groet. Terwyl ek nou hier in Port Elizabeth sit stroom die boodskappe en oproepe in en ek besef watter reus pa regtig was en hoeveel lewens pa ten goede aangeraak het. Van die verskillende bewegings en klubs waarop pa gedien het om die gemeenskap te help, die mense wat pa finansieel bygestaan het, insamelings klubs vir die gimnastiek wat begin is tot motors saai, pa was orals betrokke. Watter legende.

Pa sou enige iets vir ma en ons kinders doen en was net altyd daar as ons hulp nodig gehad het. Wyd belese en 'n geheue wat elke plek en datum onthou het. Die geheue van 'n 'hap oor".

Langs die sportveld het pa altyd gestaan " swaai, swaai swaai...", Vakansies op Jeffreysbaai, ons was so bevoorreg. En hoe lief was pa vir Addo en die wild.

Big Fish- Ons het altyd gepraat en gelag, "Alle beste dinge kom van Uitenhage af" maar pa het vergeet om een van die heel bestes noem... "Anton van der Merwe".

Ek, Mariza en die meisies gaan Pa so baie mis.

Alle eer aan ons Here vir 'n wonderlike pa, Vader dankie vir 43 jaar dat ek pa geken het, dankie vir U genade onbeskryflik groot wat pa Anton altyd van getuig het, dankie vir ons laaste Kruger kuier vroeër die jaar.

Pa los groot spore, ek eer jou.

Al ons liefde.

Mooi loop.

Jean, Mariza, Lilka, Yani & Kara